education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## ONTWERP V1

## (TEORIE)

## NOVEMBER 2009

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**
**Hierdie vraestel is in kleur gedruk.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae.

2. Daar is keuses binne sommige vrae in hierdie vraestel. Lees die opsies aandagtig deur.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Ontwerpgeletterdheid [80 punte]
   VRAAG 1 tot 4

   AFDELING B: Ontwerp in 'n sosiale/omgewingskonteks [40 punte]
   VRAAG 5 en 6

   AFDELING C: Ontwerp in 'n besigheidskonteks [30 punte]
   VRAAG 7

4. Lees die vereistes van die vrae aandagtig deur.

5. Beantwoord in volsinne en vermy die opnoem van feite.

6. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd aan elke vraag spandeer moet word.

7. MOENIE dieselfde feite en voorbeelde in verskillende vrae herhaal nie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID

### VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE

1.1 Kyk na die keramiekwerk hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



**FIGUUR A:**
**Teepot van Ardmore Design Studio deur Nhlanhla Nsundwane**
**(Suid-Afrikaans) (1998)**

1.1.1 Sal jy die keramiekwerk hierbo klassifiseer as ontwerp, kuns, vlytkuns of 'n kombinasie van al drie? Verduidelik jou redes. (4)

1.1.2 Noem en bespreek DRIE ontwerpelemente en/of ontwerpbeginsels en/of universele beginsels van ontwerp wat in hierdie teepot gebruik is. (6)

1.2




**FIGUUR B:**
**Eetgerei deur Daniel Eltner, vlekvrye staal, uit die 1990's (Internasionaal)**

1.2.1 'n Kritikus het kommentaar gelewer oor die eetgerei in FIGUUR B deur te sê: *"Ek weet nie of almal ewe goed werk nie, maar hulle is so mooi dat ek nie omgee nie!"*

Stem jy saam? Bespreek hierdie stelling deur te verwys na die sterk en swak punte van die ontwerpe hierbo. (6)


1.2.2 Bespreek kortliks die gebruik van die volgende, soos gesien in die ontwerpe hierbo:

- Positiewe vorm
- Negatiewe vlak
- Proporsie
- Simmetrie (4)

**[20]**


**VRAAG 2**

2.1 Identifiseer 'n moontlike betekenis van die simbool hieronder (FIGUUR A) en verduidelik hoe die ontwerper dit regkry om hierdie betekenis oor te dra.



**FIGUUR A** (4)

2.2 Identifiseer die simbole soos gebruik in FIGUUR B hieronder, en verduidelik hulle moontlike betekenisse. Verduidelik ook wat die moontlike boodskap van hierdie plakkaat kan wees.



**FIGUUR B:**
**Plakkaat deur Salome Fischer (2008)** (6)

**[10]**

**VRAAG 3**

3.1



**FIGUUR A:**
**Missoni-vaas gemaak van herwonne materiale, geweef om glasvase deur Steven Burks (Internasionaal) (2007)**



**FIGUUR B:**
**Voorskoot gemaak van glaskrale en sade (Plaaslik – KwaZulu-Natal) (1950's)**

3.1.1 Vergelyk beide ontwerpe hierbo en bespreek die ooreenkomste en verskille. (6)

3.1.2

| |
|---|
| Kontemporêre Suid-Afrikaanse ontwerpers vermeng dikwels tradisionele Afrika-invloede en -metodes met Europese invloede om globale/internasionale neigings te reflekteer. |

Verduidelik jou mening oor hierdie praktyk in die algemeen deur na bogenoemde voorbeelde te verwys. (4)

3.2 Noem EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse ontwerper/agentskap/ateljee van jou keuse. Noem ten minste EEN ontwerp/produk en bespreek die ontwerp(e) aan die hand van die volgende:

- Plaaslike invloed of globale/internasionale invloed
- Kenmerkende styl van die ontwerp(e)

Jy mag NIE verwys na enige ontwerpers wat jy voorheen gebruik het nie. (10)
**[20]**


## VRAAG 4: ONTWERPGESKIEDENIS

4.1 Kontemporêre ontwerpprodukte lyk dikwels na 'n mengsel van style uit die verlede. Kies en bespreek TWEE style/bewegings wat jou geïnspireer het.

Noem elke beweging/styl, asook 'n ontwerper en voorbeeld van 'n ontwerp van elk. Bespreek die invloede op hierdie bewegings/style, asook die kenmerke van elk.

Jy mag gebruik maak van die inligting hieronder om jou antwoord te staaf.

- Die Kuns-en-Kunsvlytbeweging 'Geskiktheid vir die doel' (1850 – 1900)
- Art Nouveau 'Die Lustelose Lyn (1890 – 1905)
- Art Deco 'Populêre Modernisme' (1925 – 1939)
- Verbruikersmark en Styl 'Die Era van Vaartbelyndheid' (1935 – 1955)
- Die Era van Oorvloed 'Modernisme word Pop' (1955 – 1975)




**Montage van historiese style** (20)

4.2



**FIGUUR A:**
**Rooi en Blou stoel deur Gerrit Rietveld, Masjien-estetika/Bauhaus (1919)**



**FIGUUR B:**
**Tam Tam stoel deur Matteo Thun, Postmodern (2002)**

4.2.1 FIGUUR B toon 'n postmoderne 'eklektiese' stoel ('eklekties' beteken 'n vermenging van verskillende style of bewegings). Motiveer watter ander style/bewegings in dié stoel geïdentifiseer kan word. (4)

4.2.2 Vergelyk FIGUUR A en FIGUUR B. Bespreek die tipiese kenmerke/stilistiese verskille of ooreenkomste tussen hulle. (6)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 80**

## AFDELING B: ONTWERP IN 'N SOSIALE/OMGEWINGSKONTEKS

### VRAAG 5

5.1 Die plakkaat hieronder verduidelik die geweldige groot impak van die VIGS-epidemie. Die ontwerper probeer ook om steun vir mense wat met MIV/Vigs saamleef, aan te wakker, deur die gebruik van die visuele beelde in die plakkaat.





**FIGUUR A: Plakkaat vir Projek Seattle in die VSA (1994)**

5.1.1 Watter visuele leidrade het die ontwerper gebruik om die boodskap van ondersteuning oor te dra? (2)

5.1.2 Bespreek EEN INTERNASIONALE ontwerper wat jy bestudeer het, wat 'n sosiale kwessie(s) aangespreek het. Noem die ontwerper, bespreek 'n ontwerp of ontwerpe en verduidelik hoe sosiale kwessies aangespreek is. (8)

5.2




**FIGUUR B: Protesplakkaat deur 'n onbekende kunstenaar (1980's)**

5.2.1 Dink jy dat ontwerp tot voordeel van 'n gemeenskap kan wees? Gebruik die ontwerp hierbo om jou antwoord te staaf. (2)

5.2.2 *"Ek glo in ontwerp. Ek glo dat ontwerp een van die groot dinge is wat die mens kan gebruik tot voordeel van die gemeenskap waarin hy leef."* – Marcel Wanders

Deur te verwys na bogenoemde stelling, bespreek EEN PLAASLIKE ontwerper of ontwerpgroep, wat jy bestudeer het, wat 'n sosiale en/of omgewingskwessie aanspreek. (8)

**[20]**

**VRAAG 6**

**Kies ÓF VRAAG 6.1 en 6.2 ÓF VRAAG 6.3.**

6.1 Die plaaslike Suid-Afrikaanse ontwerpgroep 'Strangelove' maak gebruik van afvalhout om meubels te maak wat lyk asof dit vanuit 'n ander werklikheid kom.

Bespreek die verbeeldingryke gebruik van afvalhout en gevonde voorwerpe om hierdie 'groen' ontwerp in FIGUUR B te skep.



**FIGUUR A:**
**Munisipale werkers besig om gevaarlike bome af te saag, wat dan deur Strangelove gebruik word.**




**FIGUUR B:**
**Strangelove – 'Wishbone chair' (2008), gemaak van afvalhout en herwonne gevonde voorwerpe.**

(10)

**EN**

6.2



**FIGUUR A:**
**'Panda'-stoel deur Belen Hermosa, gemaak van herwonne CD's (2006)**



**FIGUUR B:**
**'Typo'-stoel deur Michael Bom, gemaak van herwonne advertensieborde (2008)**

6.2.1 Hoe dra die gebruik van materiale in die ontwerpe hierbo by tot 'n volhoubare 'groen' omgewing? (2)

6.2.2 Noem en bespreek die werk van enige EEN INTERNASIONALE ontwerper van jou keuse wat op eko-vriendelike kwessies gefokus het.

Jy mag nie na enige ontwerper(s) verwys wat voorheen deur jou gebruik is nie. (8)
**[20]**

**OF**

6.3 *"Dit is nie maklik om groen te wees nie."* – Kermit, die padda, 1972.

Verduidelik wat jy onder volhoubare 'groen' ontwerp verstaan. Jy mag na TWEE of meer PLAASLIKE en/of INTERNASIONALE ontwerpers verwys.

Jy mag nie na enige ontwerper(s) verwys wat voorheen deur jou gebruik is nie. **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: ONTWERP IN 'N BESIGHEIDSKONTEKS

### VRAAG 7

**Kies VRAAG 7.1 OF VRAAG 7.2. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**

7.1 Jou ontwerpbesigheid/-ateljee/-agentskap het die eerste prys gewen as die 'Beste Kleinsakebesigheid vir 2009'. 'n Onderhoud vir 'n SABC TV-program sal met jou gevoer word.

7.1.1 Stel jou besigheid in 'n paar kort paragrawe bekend. Die riglyne hieronder kan gebruik word:

- Wat is die naam van jou besigheid?
- Wat doen jy?
- Hoekom is dit nodig?
- Wat gebruik jy?
- Hoe het jy befondsing gekry om die besigheid te begin?
- Watter marknavorsing het jy oor prysbepaling en kostebepaling gedoen? (10)

7.1.2 Gedurende jou studiejare is jy in ontwerp blootgestel aan sekere bekroonde ontwerpmaatskappye/individue wat jy bewonder. Verduidelik en motiveer die belangrikheid van EEN van hierdie ateljees/agentskappe/mense vir jou. (10)

7.1.3 FIGUUR A en FIGUUR B hieronder toon werksruimtes in verskillende ontwerpbesighede.

(a) Vergelyk die twee deur na die verskille en ooreenkomste te kyk. (4)

(b) Sê watter EEN jy verkies en gee redes vir jou antwoord. (2)

(c) Verduidelik watter aspekte jy in EEN van hierdie ateljees sou verander om dit meer funksioneel vir jou werkers te maak. (4)




**FIGUUR A**



**FIGUUR B**

**OF**

7.2 Kyk na die borsspelde hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**FIGUUR A:**
**Borsspelde deur Chris de Beer, gemaak van koeivel en aluminium.**
***'Umlabalaba'* is die naam van 'n Zoeloe-speletjie. (2001)**

7.2.1 (a) Bespreek VIER kenmerke van 'n goeie advertensie, wat jy kan gebruik om die reeks borsspelde hierbo te bemark. (4)

(b) Verduidelik hoe jy dink die ontwerper 'n 'SWOT'- en 'n 'PESTLE'-analise kon gebruik het om sy/haar besigheid mee te begin. (8)

7.2.2 Kies die ontwerpdissipline/-veld waarmee jy die meeste vertroud is, en beantwoord dan die vrae hieronder gegrond op hierdie dissipline/veld.

(a) Watter opleidingskwalifikasies sal jy nodig hê? Noem TWEE instansies waar jy hiervoor kan studeer. (4)

(b) Bespreek die karaktereienskappe wat jy moet hê om 'n sukses van hierdie loopbaan te maak. (4)

7.2.3


> Mense dink dikwels ontwerp is duur en elitisties en gevolglik nie relevant in 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika nie. Hulle dink dit is 'n prettige en luukse aktiwiteit wat dikwels op die sosiale bladsye verskyn, maar dit het nie 'n invloed op besigheid nie en is nie 'n faktor in werkskepping nie.

Verduidelik hoekom die bogenoemde stelling onwaar is. Jy mag verwys na ontwerpers en voorbeelde van hulle werk wat jy bestudeer het, of jy mag na die visuele voorbeelde hieronder verwys.

LET WEL: Jy mag ook verwys na ontwerpers wat jy voorheen in hierdie vraestel gebruik het.




**FIGUUR A:**
**Ontwerpproduk vanuit die plaaslike informele sektor.**



**FIGUUR B:**
**Ontwerpproduk vanuit die plaaslike formele sektor.**
**(Ontwerp deur David West) (2000)** (10)

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou